

## **QUALITATIVE RESEARCH IN NURSING - Advancing the humanistic imperative**

Streubert, HJ & Carpenter, DR

(1995) Philadelphia: Lippincott, pp. 313

ISBN: 0-397-55091-X

**Helen Streubert** Ed. D., RN., is 'n mede-  
professor en direkteur van die Verpleegkunde  
Program aan Misericordia College, Dallas,  
Pennsylvania.

**Dona Carpenter** Ed. D., RN., is 'n mede-  
professor aan die Universiteit van Scranton,  
Scranton, Pennsylvania.

Die boek spreek nie net die filosofiese  
dimensies van kwalitatiewe navorsing aan  
nie, maar ook die metodologiese aspekte.

Hoofstukke 1 en 2 handel oor kennis en  
wetenskap in Verpleegkunde en die taal  
en kenmerke in kwalitatiewe navorsing.

Die fenomenologiese, etnografiese,  
begronde teorie en historiese navorsings-  
benaderings word in hoofstukke 2 - 10  
behandel. Telkens word die filosofiese,  
metodologiese, etiese en vertrouens-  
waardigheid van elke benadering  
aangespreek. Die toepassing van elke  
benadering word binne die praktyk van  
verpleging, verpleegonderwys en  
verpleegbestuur bespreek.

Die beskrywing van 'n toepaslike  
navorsingsverslag van elke benadering  
lewer 'n besondere bydrae tot die verstaan  
van elke benadering.

In hoofstukke 11 en 12 word die nuwe  
generasie navorsingsbenadering  
bespreek. Hierdie benadering impliseer  
'n skuif in wetenskapsfilosofie. Die  
benadering vertrek vanaf die aanname dat  
navorsingsprobleme veeldimensioneel is,  
wat 'n meervoudige navorsings-

metodologiese benadering vereis.  
Hiermee word die gaping tussen  
kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing  
vernou. Aksienavorsing is 'n verdere  
aanname en vertrekpunt van die nuwe  
generasie navorsingsbenadering.

Die boek word afgesluit met uitdagings  
aan die kwalitatiewe navorser. Uitdagings  
met betrekking tot publikasie, lewering  
van referate, aansoeke vir finansiering en  
etiese vraagstukke betreffende  
kwalitatiewe navorsing, word bespreek.

**A BOTES** GV, D. Cur

Departement van Verpleegkunde  
Randse Afrikaanse Universiteit